
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

OORWINNING IN TEENSPOED

Jos. 14:12: Gee my dan nou hierdie bergland waarvan die Here daardie dag gespreek het; want u self het die dag gehoor dat daar Enakiete is en groot versterkte stede; miskien sal die Here met my wees, sodat ek hulle kan verdrywe, soos die Here gespreek het.

Kaleb se lewe is `n beskrywing van een wat met moed en ywer gevul was, waar dit sy God aangegaan het. Kaleb se geloof het nooit gewankel nie. Toe die tyd aangebreek het vir Israel om die Beloofde Land binne te gaan, het hulle na die reuse en versterkte stede gekyk, eerder as om binne te gaan soos God aan hulle en hul voorvaders beloof het en hulle het gesê: **" Ons kan nie teen die volk optrek nie, want hulle is sterker as ons" (Num. 13:31).** Maar Kaleb het gesê: **"Laat ons gerus optrek en dit in besit neem; want ons kan dit sekerlik oorweldig." (v.30)**. Alhoewel almal in Israel getwyfel het, het hy en Josua nie getwyfel nie. So het God aan die kinders van Israel, almal wat twintig jaar en ouer was, behalwe Josua en Kaleb, gesê dat hulle in die woestyn sou sterf (Num. 14:29, 30). `n Hele volk – behalwe twee mense - moes in die woestyn sterf omdat hulle getwyfel het.

Veertig jaar het verby gegaan en Israel het die land binne gegaan en dit in besit geneem. Terwyl Israel besig was om die land te verdeel, het die nou vyf-en-tagtig jarige Kaleb weereens in geloof na vore gekom en dieselfde berg wat Israel oorspronklik verhinder het om in te gaan, op geeis. Dit was `n berg wat gewemel het van reuse en versterkte stede, maar dit was daar waar hy sy goddelike bestemming gevind het. Kaleb wou die swaarste gehad het en dit is waar hy sy erfenis ontdek het. **"Toe het Josua hom geseën en aan Kaleb,….Hebron as erfdeel gegee" (Jos. 14:13)**.

Ons bereik egter soms `n plek in ons lewe, waar ons net eenvoudig nie, by wyse van spreke, "uit die boot wil klim nie", omdat ons gemaklik is in die plek waarin ons ons bevind. Die kinders van Israel was by die berg Horeb en het die goeie dinge van God ondervind (Deut. 1:6-8). Hulle het die Tien Gebooie ontvang en die wonders van God gesien. Dit was `n gerieflike plek, maar die Here het `n direkte bevel aan hulle gegee om aan te beweeg. Die Here mag met jou in dieselfde omstandigheid in jou lewe gespreek het. Petrus, Jakobus en Johannes was saam met Jesus op die berg toe Hy voor hulle van gedaante verander het. Petrus het gesê: "Laat ons hier drie hutte maak" (Mat. 17:4) asof hulle vier saam op daardie plek kon bly. God se woord aan Petrus was om stil te bly en na Sy Seun te luister (v. 5). God het nie die kinders van Israel uit Egipte verlos om hul in gerief by die Berg Horeb te vestig nie. Sy bestemming vir hulle was die Beloofde Land. As jy by elke gerieflike plek wat jy vir jouself geskep het wil bly, sal jy nooit jou goddelike bestemming bereik nie. Sal jy nooit jou goddelike taak bereik nie. Daar kom `n tyd in elkeen se lewe, geestelik en natuurlik wat jy moet doen wat jy nie wil doen nie, om te kom waar God jou wil hê. Hierdie word `n diens in die Koninkryk van God genoem. Die lewe is nie altyd soos jy dit wil hê nie. Die lewe is soos God besluit dit moet wees. Daarom, lewe jy nie vir jou eie heerlikheid nie. Jy leef vir God se heerlikheid. Wanneer God sê: " Beweeg aan en kom uit jou gemak sone," doen dit. As jy dit nie doen nie, sal Hy jou daaruit skud. Soos die arend haar nes omroei, so pluk God die gemaksvere uit die nes totdat die dorings deurkom en jou so ongelukkig maak, dat jy uiteindelik tog beweeg. Dit is soveel makliker as jy die eerste keer, vrywilliglik reageer op die stem van God.

Dan is daar tye wanneer Hy van jou verwag om `n endjie verder met Hom te gaan. Die nag toe Jesus in die Tuin van Getsemane was, was die lot van die wêreld in die weegskaal (Mark 14:32-41). Jesus het die elf dissipels saam met Hom na hierdie afgesonderde plek geneem. Dit was laat in die nag toe hulle van die paasmaaltyd gekom het en die uitgeputte dissipels het aan die slaap geraak. Hierdie was die enigste keer ooit opgeteken, dat Jesus iemand gevra het om saam met Hom te bid. Maar in Sy uur van oorweldigende behoefte, het Sy dissipels aan die slaap geraak. Jesus het gesoek na iemand wat `n klein endjie verder saam met Hom sou gaan, maar " toe Hy terugkom, vind Hy hulle weer aan die slaap, want hulle oë was

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Oorwinning in Teenspoed…….)

swaar…..En Hy kom vir die derde keer en sê aan hulle,: "Slaap maar voort en rus. Dit is genoeg; die uur het gekom. Kyk, die Seun van die mens word oorgelewer in die hande van die sondaars. Kyk hy is naby wat My verraai."

As jy `n endjie verder met God wil gaan, sal jy ondervind wat slegs `n engel in die teenwoordigheid van Jesus ondervind het. Terwyl Jesus gebid het, het `n engel gekom en Hom bedien (Luke 22:43). Nie een van die dissipels was wakker om dit te sien nie. Hulle het nie `n endjie verder gegaan nie. Hulle het hulself oorgegee aan die vleeslike van hul liggaam en aan die gebrek aan dissipline om te volhard en aan die behoefte van die Meester te voldoen. Hulle het die oomblik gemis toe `n engel gekom het om Hom te versterk. Jy het soveel of so min van God soos wat jy op die oomblik wil hê. Die skatkamer van die Hemel is oop vir die persoon wat `n endjie verder wil gaan. Olimpiese kampioen atlete is atlete wat `n bietjie harder oefen en `n bietjie verder gaan. Mense wat hul doel bereik het, is die mense wat `n bietjie verder gegaan het. God het aan jou, daar waar jy is, onbeperkte geleenthede gegee, so gaan `n bietjie verder en vervul wat net jy totstand kan bring in Jesus se Naam. Moenie jou gebrek aan betrokkenheid in die diens van God toeskryf aan omstandighede nie of selfs aan die duiwel nie. God het jou met `n vrye wil geskape en aan jou, is die gawe gegee om `n keuse te maak.

Keuses het gevolge. **"Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai" Gal. 6:7.** Dit verander nie wanneer jy `n Christen word nie. As jy dinge doen wat in teenstelling met die Woord van God is, sal God toesien dat jy gedissiplineer word. Dit is nie geestelike oorlogvoering nie. Dit is die gevolge van jou keuses. As jy egter rondgaan en God se dissipline, geestelike oorlogvoering noem, leef jy in misleiding en God sal moet aanhou om jou te dissiplineer, totdat jy erken dat jy die probleem is. **"My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem (Heb. 12:5-6).** Baie Christene, wanneer hulle deur moeilike tye gaan, as gevolg van hul eie verkeerde keuse, het die nyging om te beweer dat dit geestelike oorlogvoering is, wat dit meer romanties maak as om te sê: "God dissiplineer my vir my onnosel keuses." Dit was nie geestelike oorlogvoering wat die verlore seun in die varkhok laat beland het nie Luk. 15:11-32. Sy eie onnoselheid het hom daar geplaas. Moeilike tye het nie noodwendig enigiets met geestelike oorlogvoering te doen nie. Dit is dikwels die gevolge van ons onnosel keuses wat ons geplaas het waar ons God se Woord verbreek het. Moenie die duiwel vir alles blameer nie en neem verantwoordelikheid vir jou eie handelinge. Jy kan in `n droomwêreld leef en nooit tot geestelike volwassenheid kom nie, omdat jy die duiwel altyd blameer vir dinge wat in jou lewe gebeur.

Jy sal nooit jou goddelike bestemming in jou lewe vind as jy dit op die maklike manier soek nie. Jy sal nooit vind wat God vir jou het as jy weghardloop van reuse en versterkte stede. Die enigste weg na jou goddelike bestemming is die weg van Kaleb:" **omdat hy volgehou het om die Here, die God van Israel te volg" (v. 14).** □

IS IT ALWAYS GOD'S WILL TO HEAL?

Many people know that God can heal the sick, that He has the ability and the power to do so, but are not sure of His will to do so. It is obvious to them that as Creator of the human body, He is able to heal that which He has created. However, does He choose to do so, and if this is the case, what are the conditions that apply? We go to the Scriptures and thus also concerning healing. If we can establish through the Word of God that it is God's Will to heal, then we can come to Him not doubting, not wavering, but in trust and faith. The Word of God is the Will of God.

When a leper came to Jesus in ignorance and declared: "Lord, if though wilt thou canst make me clean." Jesus put out His hand and touched him, saying: "I will; be thou clean." (Matthew 8:2-3). Jesus is the same yesterday, today and forever, (Heb. 13:8) therefore today, He is still saying, I will, be healed. But many people today still say, "If it be Thy will" when it comes to the subject of divine healing, even though we have the full revelation of God's will concerning healing in His Word. Not once in my practice, as a medical doctor did anyone who consulted me say: "Doctor van Zyl, it may not be the Lord's Will for me to be well, so perhaps it would be better if I continue to suffer." In fact, the opposite is true that every sick person eagerly seeks any natural means that will offer hope of recovery of that sickness. This fact is often very prevalent among those who propagate, " God is the cause of their sickness." It would appear that only when we approach our Heavenly Doctor that we add that phrase, "If it be Thy will?" You may ask why this question should make a difference to the receiving of our healing. In actual fact when we are not sure of the will of God concerning our healing we come wavering, uncertain and God says in James 1:6-7: **But let him ask in faith, with no doubting, for he who doubts is like a wave of the sea driven and tossed by the wind. For let not that man suppose that he will receive anything from the Lord.**

In Exodus 15:22-26 we find that the very first thing that God did for His people after they had come out of Egypt (which is a type of Satan and the world)

(Continued from page 2 - Is it always Gods's will to heal?....)
was to give them the Covenant of Healing. The Israelites sung the song of Redemption after passing through the Red Sea, and immediately thereafter God presented to them a statue of healing. Israel was camped at the Waters of Marah, which were bitter and the Lord showed Moses a "tree" which typified the Cross, and which when thrown into the waters made them sweet. **"There He made for them a statue and an ordinance, and there He proved them."**

We see then, that at the very start of the Church in the Wilderness there was an ordinary given pertaining to divine healing. Obedience has always been a pre-requisite with any promise, and we note that in this case and context, obedience to the commandments of God was an important requirement in its fulfillment. At this time He also revealed His great redemptive Name of **"Jehovah-Rapha". *"I am the Lord that health thee."*** (Exodus 15:26)

In Psalm 103:1-5 we read: **Bless the Lord, O my soul and forget not all His benefits; who forgiveth all thine iniquities; who healeth all thy diseases.**

One might argue that these promises were given to the children of Israel under the Old Covenant, but in the book of Hebrew we read, that in the New Covenant we have a better Covenant based on better promises. This is true also concerning the promises of healing, because under the New Covenant of Grace, the intolerable burdens of the law were removed.

In the New Testament, Jesus healed all who came to Him with all manner of afflictions and diseases. Multitudes were healed and delivered during His Ministry, which began when He quoted with authority the passage from Isaiah 61:1-3. We read in Luke 4:18-19 that He proclaimed: **The Spirit of the Lord is upon Me, because He has anointed Me to preach the gospel to the poor. He has sent Me to heal the broken-hearted, to preach deliverance to the captives and recovery of sight to the blind, to set at liberty those who are oppressed, to preach the acceptable year of the Lord.**

Jesus tells us in the book of John that He came not to do His Will, but the Will of the one who sent Him, His Father in Heaven, and He healed all the sick who came to Him. He was doing His Father's Will, and it was obviously His Father's Will to heal! I think of my own case I am a father of a son who dearly love, and desire only the best for him. If he should come to me and I say, "Daddy, I have just been told that I have cancer. I know that you are a doctor, and are able to heal me, but I don't know if it is your will." What an indictment that would be. I love my son and he loves me, and it would be such a slap in the face if he thought that I had the ability to heal him, but chose not to. The misconception we might have of our Heavenly Father being able to heal and yet not wanting to, is even a greater indictment. Jesus says in Matthew 7:11: **If you then, being evil, know how to give good gifts to your children, how much more will your Father who is in heaven give good things to those who ask Him!** And healing is certainly a good thing!

When John the Baptist was in prison and he began to doubt the deity of Jesus, he sent a message to Jesus enquiring as to whether he was the Christ or whether we needed to look for another. The reply was sent back to him in Matthew 11"4-5: **Jesus answered and said to them, Go and tell John the things you hear and see: the blind receive their sight and the lame walk; the lepers are cleansed and the deaf hear; the dead are raised up and the poor have the gospel preached to them.**

Jesus vindicated and substantiated His Deity by confirming the words which He was doing, works of healing and deliverance inspired and commanded by His Heavenly Father. All through His Ministry He continued these works of mercy, healing the sick, cleansing the leper, raising the dead, and casting out of devils. He never turned anyone away, and He never once said; "It is the Will of My Father that you should keep your sickness. He has put it on you to teach you a lesson." Nor did He ever say, "That sickness is from My Father and He wants you to learn how to suffer in order to make a better person of you."

What He did however say was, "Devil of deafness come out! Dumb and deaf spirit come out! Spirit of infirmity come out! He called the sicknesses by their names, and addressed the unclean spirits that were causing them. Jesus told the hostile Pharisees that the manifestation of the Power of God to cast out devils was evidence of the fact that the Kingdom of God had come unto them.

But if I cast out devils by the Spirit of God, then the Kingdom of God is come unto you. Matthew 12:228.

Jesus said in John 10:10: **The thief dos not come except to steal and to kill, and to destroy. I have come that they may have life, and that they may have it more abundantly.**

It is God's Will to heal His people from the ravages of their enemy Satan, the author of sickness and suffering, and the robber of health. Not one who came to Jesus truly looking His help was ever turned away empty.

In the great commission in Matthew 28 and Mark 16, Jesus commissioned al believers to do likewise. He had already told His disciples **Most assuredly, I say to you, he who believes in Me, the works that I do he will do also; and greater works that these he will do, because I go to My Father John 14:12.** He had such compassion for the people that He said to His disciples that the harvest was plenteous, but the labourers were few so He sent forth labourers as we read in Matthew 10:1: **And when He had called unto Him His twelve disciples, He gave them power against unclean spirits, to cast them out, and to heal all manner of sickness and all manner of disease.**

We see that His disciples were obedient to His instructions for we read in Matthew 6:12-13: **And they went out, and preached that men should repent. And they cast out many devils, and anointed with oil many that were sick, and healed them.**

In Matthew 28:18-20: Jesus after His resurrection and just before His ascension to His Father

(Continued on page 4)

(Continued from page 3—Is it always Gods's will to heal?)
commissioned His disciples saying: **All authority has been given to Me in heaven and on earth. Go therefore and make disciples of all the nations, baptising them in the name of the Father and of the Son and of the Holy Spirit, teaching them to observe all things that I have commanded you; and lo, I am with you always, even to the end of the age.**

Jesus was commanding them to teach future disciples to do everything He had taught them during His ministry on earth. Those new disciples would in turn teach others to do exactly the same until the end of the age (world). He had taught them exactly how to preach the Gospel, cast out devils, cleanse lepers, raise the dead and heal the sick and now they were to go and do likewise and teach new disciples to do the same.

We read in Mark 16:15-18 that Jesus told His disciples to **Go into all the world and preach the gospel to every creature. He who believes and is baptised will besaved; but he who does not believe will be condemned. And these signs will follow those who believe: In My name they will cast out demons; they will speak with new tongues; they will take up serpents; and if they drink anything deadly, it will by no means hurt them;** (depicting the works of Satan) **they will lay hands on the sick, and they will recover.**

Then verses 19 and 20 tell us, that after the Lord had spoken to them, He was received up into heaven and sat down at the right hand of God and that the disciples went out and preached everywhere, and the Lord working with them and confirming the word through signs and wonders.

It is amazing that the Church in general believes in the great commission, yet in so many cases ignores the part that speaks of healing and deliverance. The early church as the record whose, believed and practiced such a ministry. The whole book of Acts is full of wonderful miracles and incidents which speak of the mighty manifestation of the power of God. **It is always God's Will to heal?** In Acts 5:12 Luke, tells us and **by the hands of the apostles were many signs and wonders wrought among the people.**

Paul also declares in Romans 15:19 that he preached the Gospel "fully" by the means of mighty signs and wonders: - **Through mighty signs and wonders, by the Spirit of God; so that from Jerusalem and round about, unto Illyricum, I have fully preached the Gospel.** Paul obviously understood that in order to have successfully preached the Gospel it had to be followed by signs and wonders of healings and miracles.

Hebrews 2:3 tells us **How shall we escape, if we neglect so great salvation?** And note that the very next verse declares that God confirmed the preaching of this great salvation by **hearing them witness, both with signs and wonders, and with divers miracles, and gifts of the Holy Ghost, according to His own Will.**

We see thus far that Father God healed under the Old Covenant, that Jesus, Son of God who came to do the will of the Father healed the sick, that He taught His disciples to do the same and then commanded them to teach others to carry on this ministry. We also see that the apostles of the early Church did the same works that Jesus did and that because Jesus told them it was to continue until the end of the world, healing and miracles were not only intended to establish the early Church but are meant for every believer still today.

James tells us in James 5:14-16: **Is any sick among you? Let him call for the elders of the church and let them pray over him, anointing him with oil in the Name of the Lord; And the prayer of faith shall save the sick and the Lord shall raise him up, and if he have committed sins they shall be forgiven he. Confess your faults one to another and pray for one another, that ye may be healed. The effectual fervent prayer of a righteous man availeth much.**

We see that God gave a command authorizing the ministry of healing in the Church of the New Testament. The amazing thing is that in no place in the Bible is there even the slightest hint that God's healing ministry has been revoked on the contrary the last words of Jesus in Mark 16, before He ascended to His Father in Heaven to sit at His right hand were words which conveyed His concern for the sick. We can confidently assume that this concern also came directly from the heart of His Father, because Jesus said: "The Father and I are one." He also said: "Now that you have seen Me, you now the Father", and He healed all without exception. If you desire to see the Will of God in action, you need only to look at Jesus. I leave you with these words **"they** (the believers) **will lay hands on the sick and they will recover."**

He is just as faithful to fulfill His Word and Promise today as He was then, for He sis the same yesterday, today and forever. Hebrews 13:8. □

AANBIDDING VAN VOORVADER GEESTE EN SPIRITISME

Aandag is onlangs in die land gefokus op die beoefening van voorvaderlike aanbidding en sy implikasies. Aangesien ons baie versoeke ontvang het om meer lig te werp op hierdie praktyk, wil ons alle verwarring oor hierdie onderwerp verduidelik.

Kan die lewendes met die dooies kommunikeer?

Spiritisme is beslis nie alles oë verblindery nie, maar die Bybel is baie sterk daaroor dat dit NIE MAG beoefen word nie. As ons Lukas 16:26 ernstig lees sal ons vind dat eerstens, die goddelose afgestorwe *nie daartoe in staat is* om met die lewendes te kommunikeer nie, en tweedens, dat die regverdige afgestorwenes nie mag kommunikeer met die lewendes nie. Baie hartseer mense het in hulle rou oor die dood van 'n geliefde vertroosting gesoek in die hoop wat spiritisme vir hulle voorhou om toegang te kry tot hulle geliefdes deur 'n medium. Dan besef hulle nie die vreeslike gevaar waarin hulle hulleself begewe deur te lol met verbode dinge nie. Selfs verligte Christene raak hierby betrokke, *maar die boodskappe wat hulle ontvang is nie van die afgestorwenes nie,* maar vanaf DEMONE WAT HULLE VOORSTEL. En God verbied natuurlik nooit iets bloot uit willekeur nie, maar omdat Hy die gevolge van die betrokkenheid daarin vir die mens besef, en Hy verbied dit dus vir die mens SE EIE BESWIL.

Een van die mens se grootste drange oor die eeue was om vas te stel wat met 'n mens gebeur nadat hy gesterwe het. Dit gaan hand aan hand met die vraag in 'n mens se hart om te weet dat dit met 'n afgestorwe geliefde goed gaan en met hom te kan kommunikeer vanuit die dood. Omdat die Bybel en die God van die Bybel nie toelating maak vir hierdie dinge nie en dit inteendeel VERBIED, wend talle hulle na Spiritualiste en Sangomas vir vertroosting en om hulle nuuskierigheid te bevredig. Ons het almal voorvaders en onthou meeste van hulle met respek en liefde. God sê nie "moenie jou voorvaders onthou nie", maar Hy verbied ons om hulle te aanbid. Die Bybel sê dat Satan 'n bedrieër en die vader van alle leuens is in Joh. 8:44, en hy gebruik sy leuens om mense te mislei, deur hulle te laat dink dat God deur hul gestorwe geliefdes praat. Baie mense word deur Satan gevange gehou deur vrees vir hul voorvaders. Hy het hierdie ontsag en respek wat mense vir hul voorvaders het slim gebruik om hulle te mislei. Baie stamme in Suid-Afrika glo dat hulle voorvaders klein gode in die hemel is en hul tussengangers tussen hulle en God is, so is hulle geleer om hul voorvaders te vrees en hulle te vrede te stel met offers in 'n moeilike tyd. By 'n begrafnis is die tradisie om 'n offer vir die afgestorwene te maak. Deur Satan se leuens, is baie mense in sy strik gevang as gevolg van onkunde en ongehoorsaamheid. God verbied ons egter om vleis te eet wat aan die dode geoffer is (Jes. 8:19-22, en Psalm 106:25).

Die Bybel waarsku ons dat God Sy aangesig teen daardie mense sal draai wat hulp by toordokters gaan soek in plaas van om na God te draai Lev. 20:6, Deut. 18:12. Wie is hierdie voorvaders wat die mense vir hulp raadpleeg? Hulle is bose geeste wat voorgee dat hulle voorvaders is. Hulle is familiêre geeste of familie geeste wat goed bekend is met die huise van die families. Met die kennis, is die familie geeste toegerus om die dooie voor te stel. Hulle kan die stem van die afgestorwene naboots, en dit is goed bekend dat die bose gees soms sigbaar word, deur die ewebeeld van die dooie persoon aan te neem.

Die Bybel waarsku ons om nie elke stem, droom of woord wat ons hoor te glo nie, omdat Satan en sy demone dikwels veroorsaak dat mense glo dat dit God is wat met hulle praat en hulle rig. **2 Kor. 11:13-14: Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig.** Die Bybel leer dat wanneer offers en aanbidding aan die voorvaders of enigiemand anders as God gebring word, hulle deur Satan se Koninkryk ontvang word en nie deur die voorvaders nie. Daardie offers word aan demone gemaak wat die voorvaders verpersoonlik. **Deut. 32:17: Hulle het aan die duiwels geoffer, wat nie-God is, gode wat aan hulle nie bekend was nie; nuwes wat kort gelede opgekom het, vir wie julle vaders nie gehuiwer het nie.**

Lev. 19:28: Julle mag ook ter wille van 'n dooie geen snye in julle

(Vervolg op Bl. 6)

(Vervolg vanaf Bl 5 - Aanbidding van voorvader…)

vlees maak nie en geen ingeprikte tekening in julle vel maak nie. Ek is die HERE. Voorvaderlike aanbidding is in werklikheid dieselfde as spiritisme en albei spruit voort uit kommunikasie met demoniese geeste en die okkult.

Spiritisme is natuurlik bedryf vanaf die vroegste dae, maar die waarskuwing uit God se Woord kom ook al oor die eeue: **In die laaste tye sal sommige van die geloof afvallig word en verleidende geeste en leringe van duiwels aanhang (1 Tim 4:1).** Hierdie duiwels is gevalle engele in diens van Satan en kom as 'n *engel van die lig* (2 Kor. 11:14), wat 'n baie raak beskrywing is van dit wat deur spiritualiste werksaam is.

So sien ons dat betrokkenheid by die oproep van geeste en kommunikasie met hulle slegs nadelige gevolge kan inhou. Op fisiese vlak is dit só dat die mediums (die persoon deur wie die afgestorwene sou manifesteer) dikwels oorweldig word deur die oorheersende gees (net soos in Christus se dae) en neerval op die grond met trekkings en skuim om die mond. So 'n liggaam word vrywillig aan vernieling blootgestel – beslis nie in ooreenstemming met die Bybel nie, wat ons aanmoedig tot die bewaring van ons liggaam omdat dit die Tempel van God is (1 Kor. 3:16 en 17).

Op die geestelike vlak het betrokkenheid by spiritualisme dan ook die mees ernstigste gevolge, want 'n mens se gees hou direk verband met die Ewigheid, en die toestand van jou gees bepaal waar jy die Ewigheid gaan deurbring. **En as 'n persoon hom begewe tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê om agter hulle aan te hoereer, sal Ek my aangesig teen dié persoon rig en hom uitroei onder sy volk uit (Lev. 20:6). En as daar in 'n man of vrou 'n gees van 'n afgestorwene is of 'n gees wat waarsê, moet hulle sekerlik gedood word. Hulle moet gesteníg word. Hulle bloedskuld is op hulle (Lev. 20:27). Daar mag niemand by jou gevind word…. wat 'n gees van 'n afgestorwene vra….. of wat die dooies raadpleeg…… Want hierdie nasies wat jy uit hulle besitting verdrywe, luister na goëlaars en waarsêers, maar wat jou aangaan, die Here jou God het jou nie so iets toegelaat nie (Deut. 18:10, 11 en 14). En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel – moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word? (Jes. 8:19). Let ook op Openb. 21:8 en Openb. 22:15.**

Groepe wat dan ook op 'n gereelde basis saam kom en spiritualistiese dienste hou , is beslis af te keur alhoewel hulle 'n Christelike rok mag dra. *Hulle glo nie dat die Bybel 'n God-geïnspireerde boek is nie, het 'n verwronge begrip van God, verloën die heerlikheid van Jesus, verwerp die versoenverdienste van die Bloed van Jesus, moedig die doen van goeie werke aan as 'n middel tot verlossing, verwerp die bestaan van die duiwel, bose geeste en die hel, en maak die erns van sonde af.* Ons het verneem dat daar selfs dienste van die spiritualiste is waar 'n prediker nie optree nie. Maar 'n medium preek onder die invloed van 'n persoon wat reeds oorlede is. Die medium is in 'n geestesverrukking (trance) en ontvang dan openbaringe vanaf die oorledene. Verregaande! Genesing word ook deur spiritualiste gedoen wat natuurlik vir die oningeligte baie aantreklik is, maar hierdie *wonderwerke* word bewerkstellig deur Satan en sy magte. Deur hierde sogenaamde *goeie werke* oortuig hulle die belangstellende van hulle goeie motiewe en dan het hulle ook 'n geleentheid om hulle grootste leuen te verkondig, nl. *dat die dood nie werklik bestaan nie.*

Let op dat al die volgende praktyke ook in die gebied van spiritisme val: heldersienheid, hipnose, glasie – glasie speletjie, outomatiese skrywery, telekinesis (die Skuif van voorwerp sonder fisiese aanraking), spoke, astrale projeksie (siel verlaat liggaam na 'n ander bewussynsvlak) en ouijabord speletjie. Selfs ons eie toordokters en verbinding met voorvadergeeste is spiritisme. Moet dus ook nie deelneem aan hierdie praktyke nie, en as jy dit wel gedoen het, moet jy onmiddellik daarmee breek en dit voor God bely, anders beweeg jy op gevaarlike terrein en kan Satan jou gebonde hou. (Ons beveel hieroor ons boekie *Ken jou vyand* aan).

Jesus Christus Self het te doen gehad met onreine geeste (Mark. 1:23 en 24 en Mark. 9:25 en 26, Luk. 8:2 en 30). Ook die Apostel Paulus het hierdie onreine geeste uitgedryf (Hand 16:16- 18). Daar is die bekende geskiedenis van Saul en die heks van Endor in 1 Sam 28: 3–25. God Self het hierdie *séance* (sitting) onderbreek en die gevolge vir Saul was aangrypend. DAAR IS DUS VIR DIE KIND VAN GOD GEEN BYBELSE GRONDSLAG WAAROP HY KAN BETROKKE RAAK BY ENIGE VORM VAN SPIRITISME NIE, MAAR HY MOET DIT VEROORDDEEL EN DIT VERAFSKU.

Daar is vergifnis vir hulle wat die voorvaders aanbid het. Wat kan een doen as hy vir sy voorvaders geoffer en aanbid het. Die Bybel sê: **Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind Spr. 28:13.** Ja, dit belowe dat as ons ons sondes bely, **Hy (God) is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig 1 Joh. 1:9.**

Het berou en laat staan jou ou tradisies. Verbrand al die dinge van toordery en voorvaderlike aanbidding. Plaas jou vertroue net in Jesus Christus. **Omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos1 Pet. 1:18-19.** Nou sal jy wat bang is vir die geeste wat jy eens gedien het, miskien vrees dat as jy hulle verwerp en in Jesus Christus vertrou, hulle jou en jou familie sal seer maak. Die goeie nuus is dat Satan verslaan is. **1 Joh. 3:3: En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.**

Jesus het gesterf sodat die duiwel se werke vernietig kon word. Jesus het aan die kruis gesterf soos 'n lam wat vir ons geoffer is. Moet nooit bang wees vir die duiwel of sy demone nie. Jy is bedek deur die gestorte bloed van Jesus Christus! Toe jy berou oor jou sondes gehad het en al die dinge van toordery en voorvaderlike aanbidding verbrand het en Jesus in jou hart genooi het om jou Here en Verlosser te word is jy gered.

Die Bybel sê in Joh. 1:2: Hy was in die

(Vervolg op Bl 7)

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Aanbidding van...)
begin by God. □



uit **Dr James se kantoor**

Liewe familie in Jesus,

Groete in die wonderlike Naam van Jesus. Ons is alreeds in die tweede maand van 2012 en die vakansie is iets van die verlede. Al die kinders is terug op skool en studente is nou besig met beplanning vir ‘n wonderlike jaar van studie. Ons bid vir aanpassing in hulle nuwe omgewing en klasse en dat hulle uitstekend hierdie jaar sal vaar, soos die Here in elke kosbare jong mens se lewe sal onderneem en in elkeen se behoeftes sal voorsien.

Baie dankie vir die vriendelike boodskappe van liefde en ondersteuning wat ons gedurende Desember en Januarie ontvang het, wat altyd vir ons ‘n bron van aanmoediging en opbouing is asook vir my pragtige verjaarsdag kaartjies en seënwense, mag die Here julle baie ryklik seën vir die mooi gedagte en gebaar.

Ons kom voor die Here elke oggend om sewe uur wanneer ons nagmaal neem en bid vir die talle gebedsversoeke wat ons ontvang. Dit is wonderlik om te weet dat so baie van julle in verskillende dorpies en stede en regoor die land, Namibië en oorsee ons laat weet het dat julle dieselfde tyd as ons in gebed is en saam intree vir die behoeftiges en ook nagmaal neem. Ek glo dat die hart van ons Vader in die Hemel waarlik verheug is wanneer hy sien hoeveel geloof en dankbaarheid Sy kinders het, en so dikwels die dood van Sy Kosbare Seun Jesus in herinnering bring. Ons besef ten volle dat as Hy nie vir ons die prys op Golgota betaal het nie, ons verniet bid, maar instede daarvan kan ons daagliks vir God vra dat die voordele van Golgota ons deel kan wees.

Baie dankie vir die wonderlike getuienisse wat julle aan ons gestuur het. Alle eer aan die Here! ‘n Getuienis stig almal se geloof en is tot opbouing aan diegene wie hulle oë op God gerig hou vir ‘n wonderwerk in hulle eie lewens. Dit beteken vir ons net so baie omdat God al die eer en verheerliking kry en omdat Jesus se Naam opgehef word.

2012 is nie ‘n jaar om tevrede met ons huidige geestelike lewe te wees nie. Ons het nodig om meer geestelike oefening te doen net soos ‘n atleet sy fisiese liggaam oefen om sterker te word en langer uithouvermoë te betoon, in hierdie laaste dae voor Jesus se koms.

Vertrou meer op God, glo Hom meer vir Sy beloftes, leer meer van Sy Woord en wees meer gehoorsaam aan Sy opdragte, vergewe meer, wees meer vir jou medemens lief en getuig meer oor Jesus en die Groot dinge wat ons Hemelse Vader vir ons elke dag doen! Wees nugter en wakker sodat die duiwel jou nie onverwags aan die slaap sal vind nie!

Weereens wil ek elkeen van julle persoonlik bedank vir julle gebede, liefde, aanmoediging en ondersteuning in elke opsig. Ons kan julle nooit vergoed nie, maar ons vra ons Hemelse Vader om dit vir julle te doen!! Hy is die Gewer van alle goeie gawes en ons vra Hom om julle in oorvloed te seën met alle geestelike en fisiese seëninge.

Baie dankie vir julle deelname om die Evangelie van ons Here Jesus Christus in ons land, asook Namibië en oor die grense, vanaf die Stanger Christelike Sentrum te versprei.

Baie liefde groete.

Dr James

Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

'n Jaar gelede is Martin gediagnoseer met leukemie. Vrydag die tweede Desember het die hematoloog hom gelukgewens dat die rugmurg biopsie se uitslag skoon en pragtig is. Sy roobloed telling (haemoglobin) is 11.6 en die wit bloedtelling al 3.0. Ons loof en prys ons Here en dank Hom dat Dr James en Meg en almal by die Stanger Christelike Sentrum vir hom bid en nog steeds sal voortgaan met u gebede vir ons. Aan ons Hemelse Vader gee ons al die eer. Hy is magtig en skenk ons oorvloedige liefde en genade. Ons leef nou in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers. Aan almal by die sentrum ons liefdegroete en dankie dat julle saam met ons bid en glo. Mag ons liewe Heer se groot liefde van hierdie kersfees 'n vreugdefees maak. Baie liefdegroete

Mev C Pretorius, Astonbaai (5 Desember 2011)

Die Here het wonderlik geantwoord en my ten volle genees van die artritis, heup operasie en my vel het toegegroei en pragtig genees. Dr James u is ons toevlug en hulp in die Here. Ek dank en loof en prys Hom vir die wonderlike gawe wat Hy vir u gegee het en dat u dit so getrou gebruik met 'n dankbare hart bid ek die Here se seën oor u Meg en die span. Seënwense en liefde.

Mnr E Immelman, Strand (2 Desember 2011)

Dit was vir my 'n wonderlike verligting om genees te wees van depressie en paranoir na soveel jare, dat ek myself nie ken nie. Ons u nuusbrief elke maand te ontvang is vir ons 'n wonderlike seën. Baie dankie vir die geleentheid om saam met u te kan bid soggens tussen 7 en 8 uur. Dit is vir ons 'n wodnerlike seën om uit die Hand van die Here te kan ontvang al die seëninge waarvoor u die Here afbid oor ons baie dankie! Ons hartlike seënwense. Groete!

Fanie van Zyl, Oudtshoorn (23 Nov 2011)

Ek het voorbidding gevra vir my skoondogter wat gesukkel het om swanger te raak. Sy en ons dogter is albei swanger met ons eerste kleinkidners. Ons harte loop oor van dankbaarheid. My man se lewe het ook heeltemal verander. Ons dien nou saam die Here en het 'n bediening onder die werkers in ons omgewing begin nadat hy 'n opdrag van die Here ontvang het. Alles is onverdiende genade want uit ons eie is ons niks werd nie. Baie dankie vir julle gebede, maar bid asseblief steeds vir ons want ons kan nie vir die koninkryk van ons kinders se siele. Groete in Jesus se Naam.

M J Oosthuizen, Stella (28 November 2011)

Dit is vandag presies twee jaar gelede dat ek Cas, 'n hart omleing moed ondergaan en dit was in hierdie week bepaal dat alles wel is. Ons bring lof en eer aan onse Vader wat my deur gedra het, gebede verhoor het en die genade skenk om hier op bykans 83 leeftyd nog steeds aktief te kan wees. Hartlik met liefdegroete aan jul almal!!

Mnr en Mev C De Bruin (1 Des. 2011)

Ek het probeer skakel met die beste nuus!! Ek het sopas gehoor dat ek my pos permanent gekry het. Ek het van 2004 gesukkel om vaste werk te kry. Julle het saam met my gebid. Prys die Here!!!

Mev A Celliers (Des. 2011)

Ek het in Februarie 'n brief gestuur om voorbidding te vra vir baba Moosa. My suster het toe nog nie 'n naam vir hom gekies nie, want direk na geboorte was hy gejaag na Neonatal ICU omdat die naelstring om sy nek gedraai het. Weens dit het hy al blou getrek en nie asem gehaal nie en het in a "fit: gegaan. Die hospitaal personeel het onmiddellik probeer om hom te resussitate, en is toe weg geneem van my sussie. Die Dr het bevestig dat sy brein oorverhit was en daar baie vog op sy brein was. Dis toe dat ek die brief geskryf het aan u, ek onthou dat ek in groot rooi letters die woord dringend op die brief geskryf het. Hy was vir 2 weke in ICU, ons was so bekommerd. Ek het hom gaan besoek en ek het so bedroof geraak want hy was vol pypies. Ek wil vir u sê dat die Here is groot en Hy is almagtig. Hy is ten volkome aangeraak deur God se bonatuurlike krag. My sussie het hom in Augustus maand geneem vir 'n opvolg en die dokter het gesê hy het heeltemal herstel. Die Dr het ook gesê dat daar nie 'n nodigheid is om hom weer te sien nie. As 'n mens na hom kyk sal 'n mens nooit sê hy was deur soveel trauma nie. Hy reageer soos 'n enige normale kind, hy is absoluut pragtig. O ja, sy naam is Elrique Moosa. So baie baie dankie vir al u gebede. Ek dank God vir mense soos u want die Here volkome op Sy woord neem en wat uself beskikbaar stel as 'n werktuig vir Hom.

Verder wil ek ook dankie sê vir gebede vir myself vir 'n ander werk. Ek het Oktober 'n nuwe werk gekry waar ek nou gewone ure werk, ek is elke naweek af en by my gesin en ek werk van 8 tot 5. Die Here seën u ryklik en mag die Here u en u vrou neem na hoer hoogtes. Liefde groete

Mev L Pretorius, Kraaifontein

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.